

Tema Is jy 'n saamloper of 'n volgeling?
Skriflesing Lukas 14 vers 25 – 33

Die evangelie is nie 'n buffet-ete nie. Jy kan nie net vat waarvan jy hou en die res los nie.

Hieroor praat die Here vanoggend baie duidelik met ons. Jy moet kies: is jy 'n saamloper of 'n volgeling/dissipel van Jesus? Jy kan nie albei wees nie. Jy is een van die twee.

'n Saamloper is deel van 'n groot groot menigte wat agter Jesus aanloop ter wille van die voordele daaraan verbonde. Hulle volg Hom omdat almal dit doen of in die hoop dat Hy kan gesond maak of probleme kan oplos. Jesus is oppad na die paasfees in Rome. Van die saamlopers verwag dat Hy die Romeine sal verslaan en die aardse koninkryk van Israel sal vestig. 'n Nuwe bloeitydperk sal vir hulle aanbreek.

Baie saamlopers het 'n verbruikersmentaliteit. Hulle wil vermaak word. Dinge hier, die preek, musiek, sitplekke en koffie moet wees soos ek daarvan hou. En indien hier wonderwerke gebeur, sal dit goed wees. Alles gaan oor my en my behoeftes wat bevredig moet word.

Gewildheid is nog 'n strik waarin saamlopers maklik kan trap. Dit kan gebeur dat ons nie meer in die eerste plek vra wat die Here wil hê nie. Ons neem besluite net om mense gelukkig te hou.

'n Saamloper kan, soos die ryk jong man waarvan ons in Mark 10 vers 17-31 lees, 'n baie voorbeeldige lewe leef. Van ons is baie tevrede, want ons doen 'n paar dinge vir die Here. Ek hou stiltetyd, woon die erediens by, behoort aan 'n selgroep en gee my dankoffer. Maar die Here soek nie in die eerste plek jou goed of tyd nie, Hy soek vir jou.

Volgeling-wees of dissipelskap is presies dit. Dit is meer as nog 'n kursus, naweekseminaar, Bybelskool of uitreik. Dit is om bereid te wees om van jouself gestroop te word en tot aksie oor te gaan.

Volgeling wees is radikaal! Ons lees daarvan in Rom 12:1: "En nou doen ek 'n beroep op julle, broers, op grond van die groot ontferming van God: Gee julleself aan God as lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is. Dit is die wesentlike van die godsdiens wat julle moet beoefen."

Om 'n offer te gee, is soos om 'n geskenk te gee. Jy vra nie 'n geskenk wat jy gegee het, terug nie. Net so gee jy nie jou lewe met voorwaardes aan die Here nie. Wanneer jy dit gee, gee jy dit onvoorwaardelik vir Hom.

In Lukas 14 gee die Here vir ons 4 beelde waarmee Hy dit vir ons duidelik maak dat ons die prys moet bereken en bereid moet wees om alles op te offer, voordat ons kies om een van Sy volgelinge te wees.

1. Ek moet die Here bo my familie stel.

Ons lees in Matteus 10 vers 37-39: ³⁷Hy wat sy vader of moeder liever het as vir My, is nie werd om aan My te behoort nie; hy wat sy seun of dogter liever het as vir My, is nie werd om aan My te behoort nie. ³⁸Hy wat nie sy kruis opneem en My volg

nie, is nie werd om aan My te behoort nie. ³⁹Hy wat sy lewe wil behou, sal dit verloor; en hy wat sy lewe ter wille van My verloor, sal dit vind.”

Familie herkoms in Jesus se tyd het , nog meer as in ons tyd, jou identiteit, waarde en plek in die samelewing bepaal. Jy moet bereid wees om dit alles prys te gee ter wille van Hom. Jy moet bereid wees om soos Abram, soos ons in Genesis 22 lees, jou seun te offer as die Here dit van jou vra.

2. Bereken die koste van 'n huis voordat jy begin bou.

As jy net 'n fondament gooi en die die geld dan opraak, gaan die mense vir jou lag.

3. Maak seker of jy die oorwinning kan behaal voordat jy oorlog maak.

As jy jy met 10 000 man teen 20 000 gaan veg, is dit wys om eerder te probeer vrede maak voordat die oorlog begin.

4. Jy moet bereid wees om van al jou besittings afstand te doen om 'n dissipel van Jesus te wees.

Wat is die ononderhandelbares in jou lewe: dit wat jy kry, waar jy bly of dit waarmee jy ry? Dalk is dit moderne tegnologie of jou gemak of jou taal en kultuur? Die eis van volgelingskap is dat jy bereid sal wees om hierdie dinge prys te gee om Christus te volg.

Jesus skrik nie saamlopers af om volgelinge te word nie. Natuurlik wil Jesus hê dat mense Sy volgelinge moet wees. Dit is wat Hy kom doen het. Hy maak dit vir ons moontlik om Hom te volg. Hy wil hê dat ons sal deel in die ewige lewe wat Hy vir ons wil gee.

Maar ons moet Hom nie sommer op die ingewing van die oomblik volg nie. Ons moet dit ook nie doen omdat almal dit doen nie. Ons moet die koste bereken.

Ons moet bereid wees om ons kruis te dra en agter Jesus aan te kom. Die aanhoorders van Jesus het presies geweet wat kruisdra beteken. Die Romeine het ernstige misdade so gestraf. 'n Misdadiger moes, ten aanskoue van 'n skare, die dwarsbalk van sy kruis dra tot waar hy gekruisig is. So moet volgelinge bereid wees om aan hulself te sterf.

Volgelinge moet Jesus se voorbeeld volg. Hy moet die belangrikste in my lewe wees. Soos Hy moet ek onvoorwaardelik liefhê en bereid wees om voete te was.

Evangelisasie is deel van die hart van die Here en daarom ook deel van die hart van ons as Sy kerk. Maar ons moet daarmee erns maak. Die Here roep mense op om dissipels en nie saamlopers te wees nie. Ons moet mense oproep om die Here te volg, maar ook vir hulle in geen onduidelike terme verduidelik wat dit kos.

Te veel lidmate, ook in ons gemeente, is nog saamlopers. Hulle leef voorbeeldige lewens soos die ryk jongman, maar dit gaan nog vir hulle om hulself en die eie voordeel wat hulle daaruit kan put. So 'n groot menigte wat saamreis, maak die kerk ongeloofwaardig en ons getuienis kragteloos.

Ek sluit af met 'n laaste voorbeeld om die verskil tussen 'n saamloper en 'n volgeling duidelik te maak.

Die meeste van ons is groot sportondersteuners. Dit ontstel ons as ons gunsteling ster of span nie goed vaar nie. En as dit later blyk dat hulle die aand voor die groot

stryd partytjie gehou het, is ons sommer baie vies vir hulle. Hulle is immers 24/7 professionele sportmannne of -vroue. Hulle behoort van beter te weet.

Waarom verander die reëls dan vir ons as Christene? Wanneer ons gekies het om die Here te dien, is dit 'n lewenskeuse. Ons kan nie maar so nou en dan, wanneer dit vir ons pas, weer volgens ons mensgemaakte reëls en riglyne gaan leef nie.

Volgeling-wees is nie 'n buffet-ete nie. Jy kan nie kies waarvan jy hou en die res los nie. Jy is 'n volgeling òf 'n saamloper. Watter een van die twee is jy?

Amen